



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING

GRAAD 1

WISKUNDE

STEL 3: 2012 MODELVRAE

RIGLYNE BY DIE GEBUIK VAN JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERINGSVOORBEELDE (ANA)

1. Algemene oorsig

Die Jaarlikse Nasionale Assessering (ANA) is 'n summatiewe assessering van die verwagte kennis en vaardighede wat leerders aan die einde van graad 1 tot 6 en graad 9 moes ontwikkel het. As hulpmiddel vir die skoolgebaseerde assessering en om te verseker dat leerders die nodige selfvertroue ontwikkel om suksesvol deel te neem aan eksterne assessering, het opvoedkundige panele en vakspesialiste voorbeeldvraestelle ontwikkel wat onderwysers vir Taal- en Wiskunde-onderrig kan gebruik. Die voorbeeldvraestelle is ontwikkel, gebaseer op die kurrikulum wat oor die eerste drie kwartale van die skooljaar strek. Daar is ook 'n volledige Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoets (ANA) vir elke graad. Die voorbeeldvraestelle, insluitend die modeltoets, is aanvullend tot die skoolgebaseerde assessering wat leerders deurgaans moet voltooi en vervang nie die skoolgebaseerde assessering nie.

2. Die struktuur van die voorbeeldvraestelrae

Die voorbeeldvraestelle is ontwerp om verskillende tegnieke of style te illustreer om dieselfde vaardighede en/of kennis te assesser. Spesifieke inhoudkennis of 'n vaardigheid kan byvoorbeeld geassesseer word deur 'n meervoudigekeuse-vraag (waar leerders die beste antwoord uit die gegewe opsies kies) of 'n stelling (wat van die leerder vereis om 'n kort antwoord of 'n paragraaf te skryf) of ander soorte vrae (wat leerders vra om gegewe woorde/stellings met lyne te verbind, om gegewe sinne of patrone te voltooi, om hulle antwoorde met tekeninge of sketse te toon, ens.). Onderwysers en leerders sal dus 'n aantal voorbeeldvraestelrae kry wat verskillend gestruktureer is, maar wat dieselfde spesifieke inhoud en vaardigheid teiken. Blootstelling aan 'n groot verskeidenheid vraagstellingstegnieke of -style gee leerders die nodige selfvertroue om op verskillende toetsitems te reageer.

3. Verband met ander leer- en onderrigbronnemateriaal

Sommige teksgedeeltes en vrae word doelbewus vir integrering met die graadverwante werkboeke verbind. Die voorbeeldvraestelle voldoen ook aan die vereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV), graad R tot 12, die Nasionale Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklarings (NKABV) vir die onderskeie grade en die Nasionale Protokol vir Assessering. Hierdie dokumente, saam met ander dokumente wat deur 'n skool voorsien kan word, sal 'n ryk bron van bronnemateriaal vorm wat onderwysers in staat sal stel om lesse te beplan en om formele assessering uit te voer.

4. Hoe om die voorbeeldvraestelle te gebruik

Alhoewel die voorbeeldvraestelle vir die verskillende grade en vakke as 'n omvattende stel saamgestel is, hoef die leerders nie op die hele stel in een sessie te reageer nie. Die onderwyser moet toepaslike voorbeeldvrae kies wat deel vorm van die beplande les. Sorgvuldig geselekteerde individuele voorbeeldvrae of 'n hanteerbare groep vrae kan tydens die verskillende stadiums van die onderrig- en leerproses soos volg gebruik word:

4.1 Aan die begin van 'n les as 'n diagnostiese toets om leerders se sterk en swak punte vas te stel. Die **diagnose** moet lei tot onmiddellike **terugvoer** aan leerders en **geskikte lesse** moet ontwikkel word om aandag te gee aan die geïdentifiseerde swak punte en om die sterk punte uit te bou. Die diagnostiese toets kan as tuiswerk gegee word om nie onderrigtyd in die klaskamer te verloor nie.

4.2 Gedurende die les as kort, informatiewe toetse om te assesser of leerders die veronderstelde kennis en vaardighede ontwikkel soos wat die les verloop en om seker te maak dat geen leerder agter raak nie.

4.3 By die voltooiing van 'n les of reeks lesse as 'n summatiewe toets om te assesser of die leerders voldoende begrip het en of hulle die kennis en vaardighede in die voltooiende les(se) kan toepas.

Spoedige terugvoer aan leerders is noodsaaklik, sodat die onderwyser kan vasstel of daar dele van die les(se) is wat weer behandel moet word om spesifieke kennis en vaardighede vas te lê.

4.4 Om by alle fases leerders aan verskillende tegnieke van assessering of vraagstelling bloot te stel, bv. hoe om meervoudigekeuse-vrae (MK), oop vrae of vryeresponsvrae, kortvrae, ens. te beantwoord.

Waar diagnostiese en formatiewe toetse korter in terme van die aantal vrae kan wees, sal die summatiewe toets heelwat meer vrae insluit, afhangend van die hoeveelheid werk wat reeds teen 'n sekere tyd behandel is. Dit is belangrik om seker te maak dat leerders uiteindelik genoeg oefening kry in die beantwoording van 'n volwaardige toets, soortgelyk aan dié van die Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoets.

5. Memorandums of nasienriglyne

'n Tipiese voorbeeld van die verwagte response (nasienriglyne) word by elke voorbeeldtoets en Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoets gegee. Onderwysers moet in gedagte hou dat die nasienriglyne geensins rigied is nie. Dit gee slegs breë riglyne ten opsigte van verwagte response en onderwysers moet aanvaarbare moontlikhede ondersoek en ander aanvaarbare response van die leerders aanvaar.

6. Kurrikulumdekking


Dit is van kardinale belang dat die kurrikulum in elke klas ten volle behandel moet word. Die voorbeeldvraestelle vir elke graad en vak verteenwoordig nie die kurrikulum in sy geheel nie. Dit is slegs 'n **voorbeeld** van belangrike kennis en vaardighede en dek die werk wat op die eerste drie kwartale van die skooljaar betrekking het. Die tempo waarteen die werk in sekere skoolkwartale behandel moet word, is vervat in die betrokke Nasionale Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklarings (NKABV).

7. Gevolgtrekking


Die doelwit van die Departement is om die vlak en kwaliteit van leerderprestasie in die kritiese grondslagvaardighede van gesyferdheid en geletterdheid te verbeter. Die Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoets is een instrument wat die Departement gebruik om vas te stel of leerderprestasie verbeter. Daar word van distrikte en skole verwag om onderwysers te ondersteun en om die nodige hulpmiddels daar te stel om die effektiwiteit van onderrig en leer in skole te verbeter. Deur van die Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoetse as deel van die onderwys hulpmiddels gebruik te maak, sal onderwysers leerders help om vertrouwd te raak met verskillende style en tegnieke van assessering. Indien die voorbeeldvraestelle behoorlik aangewend word, sal dit help dat leerders die toepaslike kennis opdoen en vaardighede ontwikkel om effektief te leer en om beter te vaar in toekomstige Jaarlikse Nasionale Assesseringstoetse.

Getalle, Bewerkings en Verhoudings.

1. Tel die blomme in die prent en skryf die korrekte aantal blomme neer.




2. Tel die sterre in die prent en skryf die korrekte aantal sterre neer.







Tel die bondels balonne in die prent en skryf die korrekte aantal bondels neer.




4. Hoeveel groepe van 5 blomme word in die prent aangetoon?







11. Kyk na die onderstaande prente. Omkring die getal wat die korrekte aantal artikels in elke groep aandui.

a.		4 6 8 10
b.		4 6 8 10
c.		4 6 8 10
d.		4 6 8 10





12. Teken lyne om die getalsimbole wat dieselfde is te verbind.



13. In elke blokkie , skryf die korrekte getalsimbool wat die aantal voorwerpe in die raampie aandui.

a.		
b.		
c.		
d.		

14. Voltooi die onderstaande tabel.

	Voorwerpe	Getalsimbool	Getalnaam
a.		2	
b.			Nege
c.			Drie
d.		7	

15. Skryf die getalname van die volgende getalsimbole neer.

a.	1	
b.	4	
c.	8	
d.	10	
e.	5	

16. Verbind elke getalsimbool met die korrekte getalnaam.


7
1
3
9
2

Twee
Nege
Sewe
Een
Drie


17. Rangskik die volgende getalle van die kleinste na die grootste.

11 ; 14 ; 10 ; 13 ; 12
 _____ ; _____ ; _____ ; _____ ; _____

18. Rangskik die volgende getalle van die grootste na die kleinste.



19. Skryf die getalle wat op die bakkies geskryf is van die kleinste na die grootste.







20. Kyk na die blokkies en vul in "die meeste", "die minste" of "ewe veel" om elke sin te voltooi.

A

B

C

D



a. A het _____ kolletjies.

b. B het _____ kolletjies as C.

c. D het _____ kolletjies.

21. Kyk na die onderstaande prentjies en beantwoord die volgende vrae.



Kar



man



koei

- Die _____ is eerste .
- Die _____ is laaste.
- Die _____ is in die middel.

22. Kyk na die onderstaande prentjies van die diere en vul die korrekte woord in om elke sin te voltooi.



eerste



tweede





derde



vierde



vyfde


- Die  is die _____ prentjie.
- Die  is die _____ is die _____ prentjie.

23. Hier is 7 letters van die alfabet.


s m a b e w r

- Die letter in die derde posisie is _____ .
- Die letter net voor e is _____ .
- Die letter net na w is _____ .


24. Skryf die ontbrekende getalle in die korrekte posisies op die getallelyn



25. Skryf die ontbrekende getalle in die korrekte posisies op die getallelyn.



26. Kyk na die vorms op die getallelyn en teken elkeen in die korrekte raampie.



	Posisie	Die vorm
a.	Posisie 10	
b.	Posisie 11	
c.	Posisie 13	
d.	Posisie 15	

Plekwaardes


1. Voltooi elke getalsin.

a. $12 = 1 \text{ tien} + \text{ene}$ _____.


b. $15 = 1 \text{ tien} + \text{ene}$ _____.

2. Skryf die getal neer wat in elk van die volgende aangedui word.

a.




b.




Bewerkings met getalle

1. Tel die vorms op die skoenlapper se vlerke en vul die antwoord in.



4 verdubbel = _____



7 verdubbel = _____


2. Vul die antwoorde in.

a.	verdubbel	5	=
b.	verdubbel	6	=
c.	verdubbel	2	=


3. Vul in die korrekte getalnaam. Die eerste een is reeds gedoen vir j ou

- a. Vyf verdubbel is tien
- b. Een verdubbel is _____.
- c. Ses verdubbel is _____.
- d. Drie verdubbel is _____.


4. Gebruik die volgende prentjies om die getalle te halveer.



a. Die helfte van 8 = _____



b. Die helfte van 12 = _____




c. Die helfte van 2 = _____


5. Trek 'n lyn deur die helfte van die sirkels en vul die korrekte antwoord in. Die eerste een is vir jou voltooi.




a. Die helfte van $2 = 1$



b. Die helfte van $14 =$ _____




c. Die helfte van $6 =$ _____



d. Die helfte van $10 =$ _____


6. Tel in twees van 0 tot 14. Toon die spronge aan op die getallelyn. Die eerste twee spronge is vir jou voltooi.



Beantwoord vrae 7 tot 20 wat optelling, aftrekking, herhaalde optelling groepering en deling insluit .

7. a. $4 + 3 =$ _____
 b. $5 + 6 =$ _____
 c. $2 + 4 =$ _____

8. a. $7 + 10 =$ _____
 b. $8 + 4 =$ _____
 c. $9 + 6 =$ _____



10. Tel die vingers in die prente en vul die antwoorde in.

a.



$$5 + 5 + 5 = \underline{\hspace{2cm}}$$

b.



$$5 + 5 = \underline{\hspace{2cm}}$$

11. a. $4 + 1 + 2 = \underline{\hspace{2cm}}$


b. $2 + 0 + 9 = \underline{\hspace{2cm}}$

c. $1 + 5 + 6 = \underline{\hspace{2cm}}$

12.

a.	7	-	2	=
b.	13	-	3	=
c.	8	-	8	=
d.	15	-	1	=

13.



14. a. $10 - \underline{\quad} = 7$

b. $8 - 3 = \underline{\quad}$

c. $\underline{\quad} - 2 = 13$

15. Paul eet 3 koekies in die oggend, 3 koekies gedurende die oggend en 3 koekies na skool. Hoeveel koekies het hy altesaam geëet?

16. Voltooi elk van die volgende:

Voorbeeld

a. $OO + OO + OO = OOOOOO$
 $2 + 2 = 6$

b. $OOO + OOO + OOO = \underline{\hspace{2cm}}$

$\underline{\hspace{1cm}} + \underline{\hspace{1cm}} + \underline{\hspace{1cm}} = \underline{\hspace{2cm}}$


c. $OOOO + OOOO + OOOO = \underline{\hspace{2cm}}$

$\underline{\hspace{1cm}} + \underline{\hspace{1cm}} + \underline{\hspace{1cm}} = \underline{\hspace{2cm}}$





17. Teken 2 gelyke groepe van sirkels in elk van die volgende.

<p>a. oooooo</p>	<div style="display: flex; justify-content: space-around; align-items: center;"> <div style="border: 1px solid black; padding: 5px; text-align: center;">ooo</div> <div style="border: 1px solid black; width: 40px; height: 40px;"></div> </div>
<p>b. oooo</p>	
<p>c. oooo oooo</p>	
<p>d. ooooo ooooo</p>	

18. Hoeveel groepe van drie balonne elk is in die volgende prent?



19 Kyk na die onderstaande prentjies en verdeel die eetgoed gelykop tussen die aantal meisies. Skryf neer hoeveel elkeen sal kry.

	<p>a. Elkeen kry _____ appels.</p>
	<p>b. Elkeen kry _____ lekkers.</p>
	<p>c. Elkeen kry _____ roomyse.</p>
	<p>d. Elkeen kry _____ pere.</p>

20 Verdeel al die appels gelykop tussen 2 kinders.











a. Hoeveel appels kry elke kind? _____ .

b. Hoeveel appels bly oor? _____ .

Geld

1. Voltooi die volgende tabel.

	Ek koop		Ek spandeer
a.	 10c	 5c	
b.	 R5	 R2	
c.	 30c	 50c	
d.	 R10	 R6	

2. Peggy koop 'n boek vir R3 en kryte vir R9. Hoeveel kleingeld moet sy kry as sy met 'n R20 noot betaal?

3. Skryf die totale bedrag neer in elk van die volgende.

a. R5 + R4 = _____

b. 20c + 15c = _____

4. Hoeveel 5c muntstukke maak 20c?



_____ muntstukke.

5. Een hoender kos R4. Hoeveel sal 4 van dieselfde hoenders kos?

Rimte en en Vorm

1. Kyk na die onderstaande prentjies. Omkring die voorwerpe wat kan rol.
Maak 'n "X" oor die voorwerp wat kan gly.

a. glas




b. Lemoen



c. In Boek



d. n' potlood









Patrone en Funksies


1. Teken die volgende 2 vorms of voorwerpe in elke ry.


a. I I I I _____

b.    _____

c.       _____

2. Beantwoord die volgende vrae deur 'n "Ja" of 'n "Nee" te antwoord.

a. kan 'n  rol? _____

b. kan 'n  rol? _____

c. Kan 'n  gly? _____

d. kan 'n  gly? _____


3. Gebruik die woorde "voor" of "agter" om elke sin te voltooi.



a. Die son is _____ die huis.

b. Die kar is _____ die huis..

4. Watter dier is aan die regterkant van die pyl?



Vark




Pyl



Kat

Die _____ is aan die regterkant van die pyl.

5. Teken die ander deel van die figuur om dit simmetries te maak.




6. Toon die prent simmetrie aan? Omkring die woord van die korrekte antwoord.



Ja

Nee






















7. Teken die simmetrie-lyn in die prent.



Meting

1. Kyk na die onderstaande kalender en beantwoord die vrae wat volg.


Junie 2011

Sondag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag
			 1	 2	 3	 4
 5	 6	 7	 8	 9	 10	 11
 12	 13	 14	 15	16	 17	18
 19	 20	 21	22	23	24	25
26	 27	28	29	 30		

a. Daar was _____ sonnige dae gedurende Junie 2011.

b. Dit het op _____ dae gedurende Junie 2011 gereën.

2. Rangskik die voorwerpe in die prent van die langste tot die kortste deur 1, 2, 3 of 4 onder hulle te skryf.



springtou


selfoon

skoer

krieketkolf

a. _____ b. _____ c. _____ d. _____

3. Omkring die langste vis .



4. Watter een is die langste? Onderstreep die woord met die korrekte antwoord

a. 'n Linaal of 'n vuurhoutjie?

b. 'n Kryt of jou boek?

1. Datahantering

▯▯▯ beteken 4 , ~~▯▯▯▯▯~~ beteken 5 en ~~▯▯▯▯▯▯~~ beteken 7





Teken telmarkies vir elk van die volgende getalle:

- a. 3
- b. 10
- c. 6
- d. 12

4. Kyk na die piktogram en beantwoord die vrae wat volg.

Sleutel: ☺ beteken 1 leerder

Leerders se troeteldiere

Aantal leerders				
	Hond	Kat	Vis	Voël

- a. Hoeveel leerders het visse? _____
- b. Hoeveel meer leerders het katte as honde? _____
- c. Hoeveel leerders is altesaam gevra watter troeteldier hulle het? _____

